CHRIS VAN RENSBURG (uitgewer/redakteur)
*Transvaal: die goue provinsie*
Melville: Chris van Rensburg Publikasies
1992
222 pp.
R89,90
ISBN 0-86846-066-4

Die flapteks van hierdie netjies gemaakte boek skep verwagtinge by die voornemende leser wat die oortreffende trap in gedenkalbums verwag en gelate aanvaar:

> Hierdie publikasie, die eerste omvattende boek oor die 'Goue Provinsie', verskaf die feite in verband met Transvaal en boekstaaf ook die Provinsie se vele prestasies en besonderse eienskappe op 'n manier wat die boek heel anders as soortgelyke publikasies maak.
> Die teks is deur deskundiges op hulle eie gebiede opgestel en is sowel gesaghebbend as omvattend. Dit verskaf die antwoorde op vrae wat oor die 'Goue Provinsie' mag opduik.
> Die eindresultaat is 'n boek wat op die boekrak behoort te pryk van almal wat 'n aanvoeling het vir grootsheid in prestasie en uitnemendheid in die verhaal van daardie prestasie. Hierdie boek laat inderdaad reg geskied aan die suksesverhaal van die 'Goue Provinsie'.

Nie al hierdie aansprake is geregverdig nie. Die leser word teleurgestel met 'n teks wat onstuitbaar in dieselfde trant voortstu. Vae en ontwykende stellings ("historiese dorp met heelwat besienswaardighede"), herhalende byvoeglike naamwoorde ("asemrowend", "omvattend", "indrukwekkend", "hipermodern") en die eens geliefde Guiness-tipe terminologie ("diepste ...", "grootste ...", "wydste in die wêreld") irriteer eerder as om in te lig. Is dit nie alles elders reeds gesê nie? Maar die snaar van humor is te styf gespan wanneer Soweto as die grootste swart stad in Afrika beskryf word en die geskiedenis in 1838 'n aanvang neem wanneer die Voortrekkers die "beskawing die binneland" indra - of in die hoofstuk oor die bevolking waar elke deel van die provinsie (wat nie volgens politieke besluit tuisland of selfregerende gebied is nie) as "blanke gebied" geannekseer word. Hierdie lys kan ongelukkig en sonder veel inspanning aangevul word; ook met onnoukeurige insetsels soos die Cullinandiamant (p. 70) en die fez [sic] wat deur "Suid-Afrika se Maleiers" gedra sou word (p. 28), of onnoukeurige spelling soos Gerhard Moerdyk (p. 32).

Terwyl daar 'n mate van simpatie vir die medewerkende deskundiges kan wees (in sommige gevalle bestaan hele hoofstukke uit minder as twee geskrewe bladsye, en die meeste taalbomme kom in die byskrifte tot foto's voor), moet die rede vir die gebreke en onsamehangende aard van die geheel voor die deur van die redakteur (?) gelê word. Daar is geen poging om die verskillende bydraes saam te smee of selfs die gekose hoofstukindeling te verantwoord nie.

Antwoorde vir die soeker is daar, ten spyte van die belofte, nie. En meer as 'n swink van die waarheid was sekerlik nie moontlik nie, want hiervoor is die aanslag te algemeen. Maar in 'n publikasie, wat duidelik mank gaan aan genoegsame plek om die gestelde ambisieuse taak te volvoer, word die moedige leser tog verras met die gedetailleerde feite van die plek, stad, oorsaak, dag, maand en jaar van die afsterwe van Arthur D'Arcy Locke, of Bobby.

Die boek bestaan uit twee dele. Die "huldeblyk" aan die provinsie beslaan die eerste 121 bladsye, terwyl die laaste 100 bladsye gewy is aan die indeks van die borge. Hier is die onderskeie bydraes van die stede en dorpe dikwels insiggewend. Die uitleg is netjies en die boek spog met 'n wye versameling foto's; iets waarop die uitgewers duidelik trots is, maar wat in die visueel vooropgestelde aard van hedendaagse publikasies eerder as instelling as prestasie gereken kan word!

Die gedenkalbum is 'n durende genre wat soos die armes by ons sal bly. Dit het die kenmerkende neiging om na verloop van jare meer waardevolle inligting oor die opstellers en hulle era as die gegewe tema daarvan te verklap. Hierdie saamgestelde huldeblyk aan Transvaal is geen uitsondering nie.

Die boek is ook in Engels en in 'n luukse uitgawe beskikbaar.

SCHALK LE ROUX
*Universiteit van Pretoria*